SPESIALE ONDERSOEK EENHEID

OPGERIG IN TERME VAN WET 74/1996
(Proklamasie Nr. R.118 / 2001)

TEL: [043] 726-9705
FAKS: [043] 726-9269 / 726-9261
[043] 727-1051 [Regs]
[043] 727-0020 [Finansieele]
[043] 726-9808 [Personeel]

Sanlam Park
Western Laan 59
Vincent
OOS LONDON
Posbus 893
OOS LONDON, 5200

ONS VERW: R.WALSER
Assistent Inligtings Beampte

E-pos: bwalser@siu.org.za

INLIGTINGS BROSURE

[IN TERME VAN ARTIKEL 14 VAN DIE BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING WET 2 VAN 2000]

SENDING BOODSKAP

Die Spesiale Ondersoek Eenheid is `n anti-korrupsie agentskap wat die hoogste gehalte ondersoek en litigasie dienste lewer om in die publieke belang staats bates terug tevorder.

BESKRYWING VAN STRUKTUUR

- Die Spesiale Ondersoek Eenheid is ‘n regspersoon opgerig deur Proklamasie R118 van 2001 uitgereik in terme van die Wet op Spesiale Ondersoek Eenhede en Spesiale Tribunale Wet 74 of 1996, soos gewysig.
- Mnr. William Andrew Hofmeyr is die Hoof van die Spesiale Ondesoek Eenheid en is as sulks aangestel is deur die Staatspresident.
- Die Spesiale Ondersoek Eenheid kan deur die President beveel word om aangeleenthede, in enige Provinsie reg deur die Republiek van Suid Afrika, te ondersoek.

DIE SPESIALE ONDERSOEK EENHEID SE FUNKSIES IS:

(a) Om alle aangeleenthede te ondersoek, soos deur die President bywyse van Proklamasie aan dit verwys het.
(b) Om getuienis by mekaar te maak oor handelinge of pligsversuime wat relefant tot die ondersoek is.
(c) Indien van toepassing om verrigtinge in te stel in ‘n Spesiale Tribunaal teen partye so betrokke.
(d) Om getuienis in verrigtinge so gebring aan te bied.
(e) Om inligting oor of wat wys to die pleeg van ‘n misdryf te verwys na die relefante vervolgings gesag.
(f) Om sulke funksies te vervul as wat nie in konflik is met die bepalings van die Wet nie, soos wat die President van tyd tot tyd mag versoek.

(g) Om van tyd tot tyd soos aangewys deur die President verslag te doen op die vordering van die ondersoeke en in die aangeleenthede welke voor die Spesiale Tribunaal gebring is.

(h) Om by die afsluit van die ondersoek 'n finale verslag aan die President te lewer.

(i) Om ten minste twee keer per jaar 'n verslag aan die Parlement te lewer oor die ondersoeke en die aktieweteite, saamestelling en uitgawes van die Eenheid.

DIE DOEL VAN DIE SPESIALE ONDERSOEK EENHEID IS OM DIE VOLGENDE TE ONDERSOEK:

(a) Ernstige wanadministrasie in verband met die aangeleenthede van enige Staats entiteit.

(b) Onbehoorlike of onregmatige optrede deur werknemers van enige Staats entiteit.

(c) Onregmatige bewilliging of besteding van publieke geld of eiendom.

(d) Onwettige, onreelmatige of nie-goedgekeurde verkrygende handeling, transaksie, maatreel of praktyk wat op Staatseiendom betrekking het.

(e) Opsetlike of nalatige verlies van publieke geld of skade aan publieke eiendom.

(f) Korrupsie in verband met die sake van enige Staats entiteit.

(g) Onwettige of onbehoorlike optrede deur enige persoon wat ernstige benadeling vir die belange van die publiek of enige kategorie van die publiek veroorsaak het of kan veroorsaak.

DIE POS ADRES EN BESONDERHEDE VAN DIE INLIGTINGS BEAMPTE

Inligtings Beampte	William Andrew Hofmeyr (in sy amptelike hoedanigheid as Hoof van Eenheid)
Assistent Inligtings Beampte	Robert Walser
Besigheids Adres	Sanlam Park Western Laan 59 Vincent Oos London
Pos Adres	Posbus 893 Oos London 5200
Tel:	(043) 726 9705 uitbreiding 289
Faks:	(043) 727 1051
E-pos:	bwalser@siu.org.za

VORM VAN AANSOEK VIR INLIGTING

- Die Aansoeker moet die voorgeskrewe vorm gebruik vir die aansoek tot toegang tot ‘n rekord.
- ‘n Aansoek vorm sal op versoek verskaf word aan enige individue of entiteit.
- ‘n Aansoek vorm mag ook deur die aansoeker afgehaal word by die Spesiale Ondersoek Eenheid se besigheid perseel of sal gefaks, gepos of gestuur word per e-pos aan enige persoon wat so versoek het.
- Die Aansoeker moet in die aansoek die reg wat hy/sy will uitoefen of beskerm identifiseer en ‘n verduideliking verskaf van waarom die versoekde rekord benodig word om hierdie reg uit te oefen of te beskerm.
- Nadat die aansoek vorm behoorlik voltooi is, moet die aansoek vorm aan die Spesiale Ondersoek Eenheid terugbesorg word.
- Die voltooide aansoek vorm mag gepos, gefaks, per e-pos of per hand by die bovermelde besonderhede ingedien word.

MONDELINGSE AANSOEK VIR TOEGANG

Enige individue wat as gevolg van ongeletterdheid of enige geestelike of liggaamlike ongeskikheid nie instaat is om ‘n skriftelike aansoek soos bovermeld vir toegang to ‘n record aan die Spesiale Ondersoek Eenheid te maak nie, mag so ‘n aansoek mondelings bring. Die mondelingse aansoek moet gerig word aan die Inligtings Beampte of aan die Assistant Inligtings Beampte by die gegewe besonderhede soos bovermeld; waarna gemelde Beampte of sy Assistent sulke individue sal bystaan om ‘n behoorlike aansoek tot toegang te bring.

FOOIE

- Fooie met betrekking tot aansoeke vir inligting word van tyd tot tyd voorgeskryf deur regulasies uitgereik onder Wet 2 van 2000.
- Die aansoeker wat toegang tot ‘n rekord verlang wat persoonlike inligting van die aansoeker bevat is nie verplig om die voorgeskrewe fooi te betaal nie. Elke ander aansoeker moet die voorgeskrewe fooi betaal.
- Die aansoeker sal ingelig word van die voorgeskewe fooi en sal dit van die aansoeker vereis word om die gegewe fooi te betaal, voor die inligting verskaf sal word.
- Waar die tyd voorgeskryf deur regulasie, vir die reproduksie en voorbereiding van die verlangde inligting en die tyd gespandeer daarop, oorskry word, sal dit van die aansoeker vereis word om ‘n additionele toegangs fooi te betaal vir die soeke.

BESLUIT OP AANSOEK TOT TOEGANG

- Die Spesiale Ondersoek Eenheid se Inligtings Beampte of sy Assistent sal so vinnig as redelik moontlik, maar binne 30 dae na die aansoek ontvang is, die applikant se aansoek oorweeg en sal die applikant skriftelik in kennis gestel word van die uitkoms van sy/haar aansoek en die redes daarvoor.
- Onder sekere omstandighede is die Inligtings Beampte of sy Assistent:
    - bevoeg om die bovermelde 30 dae periode met ‘n verdere 30 dae te verleng.
    - verplig om derde partye, waarop die rekord betrekking het, in kennis te stel van die aansoek vir die rekord en die reg van sulke derde partye om die Inligtings Beampte of sy Assistent se voorgeneme besluit oor die vraag van toegang tot die rekord te betwis.
    - verplig om toegang tot sekere rekords te weier.
- Onder sekere omstandighede het die Inligtings Beampte of sy Assistent ‘n diskressie om toegang tot ‘n rekord te weier.
- Die aansoeker het die reg om ‘n interne appèl teen sekere besluite van die Inligtings Beampte of sy Assistent te liasseer en om ‘n aansoek tot ‘n hof te rig vir geskikte verligting.

ONDERWERPE VAN INLIGTING

ADMINISTRATIEWE INLIGTING

Hierdie is inligting wat handel met die dag tot dag bestuur van die Eenheid, en sluit in items soos interne telefoon lyste, adres lyste, Eenheid`s beleid, Eenheid`s kontrakte, finansieë rekords en algemene “huishoudelike” inligting.

OPERASIONELE INLIGTING

Hierdie is inligting wat handel met die ondersoek en litigasie aktiwiteite van die Eenheid.

- Die rekords is opgemaak uit Korrespondensie, Pleitstukke en Transkripsies van getuienis gelewer deur getuies in formele ondervragings en dokumentêre getuienis.
- Geliewe kennis te neem dat die grootste gedeelte van die Eenheid se rekords en inligting is Streng Vertroulik en/of Gepriviligeerd teen blootlegging, uithoofde van die rol en funksie van die Eenheid en ook omdat derde partye betrokke is in die ondersoeke. Sulke rekords en inligting sal beskerm word teen blootlegging in terme van die Gemene reg, Statutere reg en/of die bepalings van Wet No. 2 van 2000.
- Inligting aangaande hangende regs gedinge, welke sub-judice is, sal ook beskerm word teen blootlegging.

KATEGORIEE VAN REKORDS WAT OUTOMATIES BESKIKBAAR IS, SONDER DAT ‘N PERSOON ‘N FORMELE AANSOEK DAARTOE HOEF TE RIG:

VIR INSPEKSIE IN TERME VAN ANDER WETGEWING

- Wet op Pensioenfondse No. 24 van 1956
- Wet op Hooggeregshof No. 59 van 1959
- Inkomstebelasting Wet No. 58 van 1962
- Werkloosheid Versekerings Wet No. 30 van 1966
- Strafproses Wet No. 51 van 1977
- Wet op Belasting van Toegevoegde Waarde No. 89 van 1991
- Wet op die Verbod op Onderskepping en Meeluistering No. 127 van 1992
- Wet op Beroeps Gesondheid en Veiligheid No. 85 van 1993
- Wet op Vergoeding vir Beroeps Beserings en –siektes No. 130 van 1993
- Sesde Algemene Regswysigings Wet No. 204 van 1993
- Wet op Intelligensie Dienste No. 38 van 1994
- Wet op Arbeids Verhoudinge No. 66 van 1995
- Wet op Basiese Diensvoorwaardes No. 75 van 1997
- Nasionale Vervolgings Gesag Wet No. 32 van 1998
- Wet op Gelyke Indiensneming No. 55 van 1998
- Vaardigheids Wet No. 97 van 1998
- Wet op Voorkoming van Georganiseerde Misdaad No. 121 van 1998
- Wet op Arbeids Verhoudinge No. 127 van 1998
- Vaardigheids Heffings Wet No.9 van 1999
- Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies No. 25 van 2002

VIR AANKOOP OF KOPIEERING VANAF DIE EENHEID

- Die Spesiale Ondersoek Eenheid het ‘n internet bladsy (www.siu.org.za) welke vrylik beskikbaar is vir enige persoon met internet toegang. Op hierdie internet bladsy is inligting betreffende die dienste wat die Eenheid aanbied en kontak besonderhede.
- Die Eenheid se Jaarlikse verslae aan Parlement.
- Die Spesiale Ondersoek Eenhede en Spasiale Tribunale Wet No. 74 van 1996, met wysigings.
- Proklamasies uitgevaardig in terme van Wet No. 74 van 1996.

VAN DIE EENHEID SONDER ONKOSTE

- Inligtings Brosure in terme van die Bevordering van Toegang tot Inligting Wet No. 2 van 2000.

- Aansoek vorms soos voorgestel deur die bepalings van die Bevordering van Toegang tot Inligting Wet.
- Aansoek vorms om Appèl aan te teken teen ‘n beslissing van die Eenheid se Inligtings Beampte of sy Assistent.

ANDER INLIGTING SOOS WAT VOORGESKRYF MAG WORD

- Die Minister van Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling het geen regulasies in hierdie verband gemaak nie.

GEBRUIKS HANDLEIDING OPGESTEL DEUR DIE MENSE REGTE KOMMISSIE

- Die Mense Regte Kommissie het instruksies om ‘n gebruiks handleiding op te stel wat handel met die gebruik van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting. Hierdie gebruiks handleiding sal beskikbaar wees vanaf die Mense Regte Kommissie by:

Die Suid Afrikaanse Mense Regte Kommissie
Bevodering van Toegang tot Inligting Wet (PAIA) Eenheid
Die Navorsing en Dokumentasie Departement
Privaat Sak X2700
Houghton 2041
Tel: (011) 484 8300
Faks: (011) 484 0582
Internet Bladsy: www.sahrc.org.za
E-pos: paia@sahrc.org.za

BESKRYWING VAN DIENSTE AAN DIE PUBLIEK EN STAATS INSTELLINGS

- Die Spesiale Ondersoek Eenheid sal enige inligting of klagtes van lede van die publiek en/of werknemers van Staats Instellings ontvang, welke mag verband hou met die Eenheid se sending boodskap, doel en funksies.
- Die Inligting moet sover doenlik in skrif aan die Eenheid gelewer word.
- Alle inligting ontvang sal as Vertroulik hanteer word.
- Die Eenheid streef daarna om in samewerking met alle Staats instellings of ander wets handhawings agentskappe te werk.
- Die Eenheid is gebonde daaraan om vennootskappe met Staats Instellings op te bou ten einde werksverrigting, koste effektiwiteit en kwaliteit te bevorder.
- Die Eenheid sal inligting van lede van die publiek verwelkom, welke behulpsaam mag wees in die Eenheid se ondersoeke.

BESKRYWING VAN INDIVIDUE SE REGTE OM VOORSTELLINGS AAN DIE EENHEID TE MAAK OOR DIE FORMULERING VAN EENHEIDS PRAKTYKE

Die Eenheid sal enige voorstellings of opinies van individue, instellings of regspersone ontvang rondom enige aspekte van die Eenheid se struktuur, funksies, praktyke en/of die uitvoering van die Eenheid se magte of die verrigting van die Eenheid se pligte, maar sal die Eenheid nie gebonde wees daaraan om die voorstellings te implementeer nie. Die Hoof van die Eenheid se besluit rakende enige sulke voorstellings sal bindend en finaal wees en sal die Eenheid nie verplig wees om enige redes of ander inligting rondom sulke besluite te verskaf nie

BESKRYWING VAN ALLE REMEDIES BESKIKBAAR INDIEN DIE EENHEID OPTREE OF VERSUIM OM OP TE TREE

Indien enige individu of entiteit gegrief word deur ‘n handeling of ‘n versuim om te handel deur die Eenheid, dan is die volgende remedies tot hul beskikking:

- Indiening van ‘n klagte by die Hoof van die Eenheid, waarin hulp versoek word
- Indiening van ‘n klagte by die Nasionale Direkteur van Publieke Vervolgings
- Indiening van ‘n klagte by die Minister van Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling
- Indiening van ‘n klagte by die Publieke Beskermheer
- Nader ‘n Geregs Hof of, indien van toepassing, die Spesiale Tribunaal vir verligting

Geliewe kennis te neem dat die Eenheid en sy Lede die beskerming van die Staats Aanspreeklikheids Wet No.20 van 1957 geniet.

BESKIKBAARHEID VAN HIERDIE BROSURE

Hierdie brosure is beskikbaar vir inspeksie in drie offisiele tale by the Eenheid se kantore in Oos London. Afskrifte van hierdie brosure is ook beskikbaar vanaf die Mense Regte Kommissie en die Staats Drukkers.